BYBELSTUDIE REEKS

Laak GESIEN

NG kerk Ysterplaat, Tableview, Groote kerk & Drieankerbaai

Raak GESIEN

Om raakgesien te word, is meer as net om gesien te word.

Baie keer sien ons iemand, maar ons sien daardie mens nie regtig ráák nie. Ons kyk dalk onverskillig, of oorhaastig, of oppervlakkig, of bevooroordeeld. Ons sien die buitekant, maar ons kyk te vlak om iets van daardie mens se binnekant te ontdek.

Dalk het jy dit ook al ervaar: dat mense jou sien, maar jou nie regtig raaksien nie.

Dalk kan 'n mens die verskil tussen bloot sien en rááksien so beskryf: As ek jou bloot sien, kyk ek sonder dat dit my raak. As ek jou raaksien, dan word ek geraak deur jou, dit maak 'n verskil aan my, aan hoe ek kyk, aan wat ek oor jou dink en voel, aan wat ek bereid is om saam met jou en vir jou te doen.

God is die God wat raaksien. Ons lewe in die teenwoordigheid van die God wat ons raaksien. God sit nie afsydig in die hemel en kyk onaangeraak na ons nie. Ons nood raak God. Wat ons aan mekaar doen, wat ons aan onsself en aan die skepping doen, raak God.

Dit is waaroor hierdie Bybelstudiereeks gaan:
·Oor wat dit beteken om deur God raakgesien te word
·Oor hoe ons mekaar beter kan raaksien
·Oor hoe ons gesig-tot-gesig met God saamleef
·Oor hoe ons gesig-tot-gesig met mekaar en ander mense saamleef.

Mag die Gees ons oë oopmaak om raak te sien soos wat ons deur God raakgesien word!

Onr

NOTAS

"U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het."

GENESIS 16:13

Raak GESIEN

Week 1: Raakgesien deur God

Genesis 16

(Daar sal op Sondag 8 Mei oor hierdie tema en Skrifgedeelte gepreek word.)

ONTMOET

Sondag was Moedersdag. Hoe voel jy oor dié soort dag? Maak dit jou opgewonde? Sentimenteel? Of irriteer dit jou dalk?

Wat dink jy kan die waarde van so 'n dag wees? En wat kan dalk maak dat dit vir mense 'n moeilike, selfs pynlike dag is?

Wat het vir jou uitgestaan in die afgelope Sondag se preek oor bogenoemde teksgedeelte? Wat het jou uitgedaag of ontwrig?

GEBED

Wees 'n oomblik stil. Probeer jou gedagtes rustig kry. Bid dat die Here hierdie oordenking in jou lewe sal gebruik. Indien julle die studie as 'n groep doen, vra iemand in die groep om namens julle te bid.

SKRIFLESING

Lees Genesis 16 en 21:8-21

AGTERGROND

(Lees hierdie agtergrond. In 'n groep kan elkeen dit in stilte lees of iemand kan dit hardop lees)

Ons is soms geneig om baie sentimenteel te dink oor gesinne, met die ideaal van 'n kerngesin met 'n pappa en 'n mamma en twee of drie kindertjies wat gelukkig en bevoorreg saamleef voor oë. Dikwels word sulke ideale gesinnetjies geteken as God se wil vir ons, sodat God se seën eintlik net op sulke gesinnetjies kan rus. Die werklikheid is egter dat die meeste gesinne nié so lyk nie en dat die wêreld van ons gesinslewe vol gebroke verhoudings is. Die werklikheid wat Genesis vir ons teken, is dat God nie werk met gesinne soos hulle behoort te wees nie, maar soos hulle is. David Cotter skryf oor die Abrahamsfamilie onder die tema "A troubled family chosen for blessing."
Ons sien dit baie duidelik in die verhaal van Hagar. Nie een van die karakters tree goed op nie. Abraham en Sara glo nie regtig God se belofte nie. Hulle gebruik die slavin Hagar om die belofte op hulle eie manier te vervul sodat Abraham 'n pa kan word. Hagar raak te groot vir haar skoene. Sy en haar kind word 'n bedreiging vir Sara en later vir Isak. Sy word twee keer weggejaag, en beide kere kos dit amper haar en Ismael se lewe. Tog sien God hulle raak: "U is die God wat my sien," bely Hagar.

"To the outcast on her knees, you were the God who really sees ..." | Michael Card

DINK

Wat maak die teksgedeelte en die gepaardgaande agtergrond by jou wakker? Wat staan vir jou uit?

DELF

1.Gesels met mekaar oor die optrede van die hoofkarakters in die storie, Abraham, Sara en Hagar. Wat pla jou by elkeen van hulle? Wat gee jou begrip vir hulle optrede?
2.Hoe voel jy oor God se opdrag aan Hagar dat sy moet teruggaan en haar aan Sara moet onderwerp (16:9)? En hoekom, dink jy, het God haar en Ismael nie die tweede keer (Genesis 21) teruggestuur nie?
3.Wat sê dit vir jou dat Hagar God beleef as die Een wat haar sien? Wat sê dit oor haar diepste behoefte – maar ook oor wie God vir haar is? Hoe help dit jou om aan God te dink as die Een wat jou raaksien?
4.Met die eerste vlug ontdek Hagar vir God as die een wat haar raaksien. Met die tweede vlug maak God haar oë oop om die put vol water te sien (Genesis 21:19). Gesels oor wat dit vir jou beteken dat God jou nie net raaksien in noodsituasies nie, maar ook jou oë oopmaak om te kan sien.
5.Dink na oor die hele storie in die lig van David Cotter se tema: “A troubled family chosen for blessing.” Hoe sien ons dit ook in Hagar se storie waar word? Wat sê dit vir jou oor ons eie gesinslewe en oor God se seën vir ons?

SAAMVAT

Dink aan ma’s wat in Hagar se posisie is: enkelma, sonder ondersteuning, oor die hoof gesien deur ander, raakgesien deur God. Wat sal jy vir hulle wil bid en doen?

NOTAS

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Week 2: Raakgesien deur Jesus

Johannes 9: 1-12, 35-41
(Daar sal Sondag 15 Mei oor hierdie teks gepreek word.)

ONTMOET

Wanneer iemand iets nie verstaan nie of nie saamstem nie, sê ons maklik dat daardie persoon blind is. Hulle sien nie raak wat ons doen nie. Wat beteken dit om "geestelik blind" te wees?

GEBED

Steek 'n kers aan, as simbool en herinnering dat Jesus in jou midde is. Bid dat die Here jul oë sal oopmaak sodat ons hom al meer kan raaksien.

SKRIFLESING

Lees saam Johannes 9:1-12; 35-41 (dit sal goed wees as jy die hele hoofstuk ook later rustig op jou eie tyd lees)

AGTERGROND

Johannes sê in Johannes 20:30 dat Jesus baie goed op aarde gedoen het, maar dat hy juis spesifieke goed neergeskryf het, sodat die wat dit lees kan aanhou glo dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God; en verder, deur dit te glo, lewe in sy Naam kan hê. Meer as die ander evangelies, fokus Johannes nie soveel op wat Jesus gedoen en gesê het nie, maar op wie Jesus was. Hy vra oor hoe Jesus Homself gesien het en wat Hom gemotiveer het. Met dit ingedagte sien ons dat hierdie teks iets van Jesus se karakter wil kom openbaar – Jesus wat raaksien – en meer nog, Jesus wat ons toelaat om ook Hom raak te sien.
Hierdie teks wys op die spanning tussen Jesus en sy volgelinge en die godsdienstige leiers wat op Hom neergekyk het. In die voorafgaande hoofstukke spreek Jesus Homself heeltyd uit teenoor die mense wat skynheilig was. Hulle het trots gesê dat hulle die hele Bybel breedvoerig verstaan het, maar Jesus wys dan uit dat hulle verwerp wat die Bybel sê.
Verder is dit opvallend dat Jesus en die dissipels totaal verskillend na die blinde man kyk. In daardie tyd het die mense geglo dat siektes en gebreke die resultaat van sonde was. Toe hulle besef dat die man blind is, wou hulle dadelik weet wie se skuld dit was – wie het gesondig? Jesus sê egter dat dit niemand se skuld is nie – die man is immers so gebore. Jesus sien egter 'n man waardeur Hy sy wonderbare krag kan wys. Deur die blinde man te genees, vervul Jesus boonop die Messiaanse belofte as die een wat sig gee aan die wat blind is. Jesus doen dit nie net fisies nie, maar ook figuurlik wanneer Hy aan mense op 'n unieke wyse 'n nuwe verstaan van die waarheid gee.

DINK

Wat staan vir jou uit in die teks? Is daar enigiets in die teks waarmee jy worstel? Watse gevoel los die teks by jou – daag dit jou uit; maak dit jou opgewonde; maak dit jou kwaad of bly of hartseer?
(As jy hierdie Bybelstudie saam met ander doen, deel met die persoon langs jou wat jy beleef het.)

DELF

1. Jesus het die man raakgesien – hom van aangesig-tot-aangesig ontmoet. Hoe dink jy beleef ons God se aangesig vandag? Hoe kan ons onsself as't ware meer op Jesus se pad plaas, sodat Hy langs ons verby kan kom waar ons blind sit en wag?
2. Spurgeon skryf dat Jesus, deur hulle vraag oor wie se skuld die man se blindheid is, met 'n genesing te antwoord hulle daaraan herinner dat dit nie ons werk is om te spekuleer nie, maar om dade van genade en liefde vir mekaar te doen. "Let us then be less inquisitive and more practical, less for cracking doctrinal nuts, and more for bringing forth the bread of life to the starving multitudes." Het jy hierdie onlangs iewers beleef, in jou lewe of selfs in die kerk, waar mense meer bekommerd was oor die 'hoekom' vrae, as om tot aksie oor te gaan en te help? Hoe het dit jou laat voel?
3. Die Fariseërs en skrifgeleerdes was vername mense in Jesus se tyd, wat die skrif goed geken het, en dit dan gebruik het om ander mense mee te veroordeel. Hulle was skynheilig, omdat hulle hulself voorgestel het as geestelike mense wat volgens die Woord lewe, en tog het hulle die Woord totaal verkeerd verstaan, en misbruik. Sonder om krities teenoor spesifieke mense te raak, dink bietjie saam oor hoe die Fariseërs en Skrifgeleerdes vandag lyk? Is ons dalk self onder hulle?
4. Lees weer vers 35-41. Hier ontmoet Jesus weer met die man wat vroeër blind was en gebruik sy geloof om kritiek teen die Fariseërs uit te spreek. Hy het geen agtergrond van wie Jesus is nie, maar HY glo in 'n oomblik. Die fariseërs is oortuig dat hulle nie blind is nie, maar Jesus sê dat hulle (en nie die blinde man nie) wel in sonde bly. Wat dink julle bedoel Jesus as hy sê "Ter wille van 'n beslissing het Ek na hierdie wêreld gekom, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, blind kan word."?

SAAMVAT

In ons daaglikse lewe beweeg ons so baie verby mense wat ons as "sondig en blind" beskou. Mense wat nie soos ons lyk nie; mense wat dalk ander keuses as ons gemaak het; mense wat ons nie weet hoe om hulle te hanteer nie. Het jy onlangs so persoon teëgekom? Hoe sou Jesus se interaksie met daardie persoon gelyk het? Wat kan jy volgende keer anders doen?

Week 3 : Raakgesien deur Jesus se mense

Handelinge 3: 1-10
(Daar sal Sondag 22 Mei oor hierdie teks gepreek word.)

ONTMOET

Hoe was jou week? Is daar iets spesifiek waarvoor jy opnuut dankbaar is hierdie week?

Wat het vir jou uitgestaan in die afgelope Sondag se preek oor bogenoemde teksgedeelte? Wat het jou uitgedaag of ontwrig?

GEBED

Wees 'n oomblik stil. Probeer jou gedagtes rustig kry. Bid dat die Here hierdie oordenking in jou lewe sal gebruik. Indien julle die studie as 'n groep doen, vra iemand in die groep om namens julle te bid.

SKRIFLESING

Lees Handelinge 3: 1 -10.

AGTERGROND

(Lees hierdie agtergrond. In 'n groep kan elkeen dit in stilte lees of iemand kan dit hardop lees)

In Hand 2:43-47 lees ons van die eerste gemeente wat tot stand gekom het. Hand 2:43: "Die apostels het baie wonders en tekens gedoen". Die skrywer vertel nou in hoofstuk 3 vir ons van een van hierdie wonders wat die apostels gedoen het.

Die kreupel man, waarvan ons in die gedeelte lees, het gebedel om te oorleef. Hy sou gedink het dat hierdie mans iets groot wil gee toe hulle hom vra om hulle in die oë te kyk. Hy sou gewoond gewees het daaraan dat meeste mense hom ignoreer of glad nie eers oogkontak maak nie. Tot sy skok het hulle nie geld of besittings om te gee nie. Die man sou baie teleurgesteld gewees het in hulle woord. Hulle wil egter iets groter vir hom gee.

Ons leer uit die verhaal dat sy grootste behoefte nie geld was nie, maar om te kan loop. Jesus se mense sien sy nood raak.

Maar Petrus sê: "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!" | Handelinge 3:6

DINK

Wat maak die teksgedeelte en die gepaardgaande agtergrond by jou wakker? Wat staan vir jou uit?

DELF

1.Wie is die mense in jou omgewing wat gereeld by jou vra vir ‘n ‘aalmoes’ om te oorleef? Waar vind jy hulle?

2.Wanneer hierdie mense in ons omgewing vra vir ‘iets’, wat dink jy is hulle grootste verwagting en behoefte?

3.Ons lees dat die mense wat die kreupel man geken het, vervul was met verwondering en verbasing. Watter dade sal ons gemeenskap met verwondering en verbasing vervul?

4.Geld word deesdae maklik na ‘probleme’ gegooi. Dit lyk soms na die enigste uitweg. Wat, anders as geld, het jy (of jou gemeente) om te gee sodat mense sal ervaar hulle word raakgesien?

SAAMVAT

Wat het vir jou uitgestaan van vandag se gesprek?

Hierdie week se tema is: raakgesien deur Jesus se mense. Noem een persoon wat jy hierdie week in die oë wil gaan kyk en opnuut wil raaksien.

NOTAS

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Week 4: Wanneer God se gesig oor jou skyn

Numeri 6:22 – 27

(Daar sal Sondag 29 Mei oor hierdie teks gepreek word.)

ONTMOET

Op watter maniere ervaar ons God se seëning in ons lewens?

GEBED

Laat iemand 'n kers aansteek. Open die ontmoeting deur gebede van dank vir die seëninge in ons lewe.

SKRIFLESING

Lees die bekende gedeelte in Numeri 6:22 – 27 'n paar keer rustig deur.

AGTERGROND

Die Priesterlike seën in hierdie teksgedeelte is seker een van die bekendste en konstante elemente van die liturgie in ons eredienste. Ons sluit ons erediens af met die uitspreek en ontvang van die seën. Dit is die laaste woorde waarmee ons die erediens afsluit en verlaat. Dit is die woorde wat eggo in ons harte as ons die week en lewe weer tegemoetgaan na ons ontmoeting met God en met mekaar in die erediens. Dit is ons versekering en troos dat waar ons ookal gaan daar is God met ons.

Terence Fretheim, Emeritus Professor in Ou Testament studies wys daarop dat die seën geplaas word binne die konteks van Israel se vertrek vanaf die Berg Sinai vir die voortsetting van hul reis na die beloofde land en vir daaglikse gebruik op hierdie reis. Die gedeelte wat hierop volg in Numeri het te make met die inwyding van die tabernakel. Die tabernakel was 'n aanduiding van die teenwoordigheid van God in die hart van die gemeenskap. Die plasing van die teks assosieer waarskynlik die seën met die teenwoordigheid van God tussen die mense.

God se seëning van Israel was veronderstel om ook tot seën van die wêreld te wees. Die ontvangers van God se seën word dan ook instrumente van seën vir al die nasies van die wêreld. (Eks 22:18) Die seëning bevat ses werkwoorde. Drie is algemeen en drie is spesifiek. Die Here seën, red en hoor en daaruit vloei Sy beskerming, genade en vrede aan elkeen. Die hoogtepunt van 'n geseënde lewe voor die aangesig van God is 'n lewe wat lei tot, en berus op, vrede.

"Die Here sal julle seën en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!
Numeri 6: 24-26

DINK

Wat sê hierdie teks vir ons oor ons verhouding met God, mekaar en die wêreld?

DELF

1.Die opdrag om die seën uit te spreek word spesifiek aan die priesters gegee. Die priesters is die verteenwoordigers van God tussen die mense. Hulle het namens die volk by God ingetree en namens God die volk geseën. Christus is ons Hoë Priester wat namens ons by God intreë (Heb 7:25) In en deur Christus beklee elke volgeling van Christus nou die amp van priester, profeet en koning. Op watter maniere kan of behoort ons teenwoordigheid tot seën van mekaar en ander wees?

2.In die Ou Testament hou 'n geseënde lewe dikwels verband met voorspoed – vergrote grondgebied, 'n lang lewe, nageslag ens. In die bergrede verklaar Jesus dat hulle wat afhanklik, barmhartig, sagmoedig en rein van hart is en hulle wat strewe na geregtigheid, vervolg word en vredemakers is die ware geseëndes is. Hoe hou dit wat Jesus leer oor geseënd wees verband met die seën wat God oor Sy volk uitspreek in Numeri? En wat beteken dit vir my in 'n lewe voor die aangesig van God?

3.In die oorspronklike Hebreeus word die beeld van God se gesig gebruik. Die woord פנים (panim) vertaal as "Sy gesig". 'n Engelse vertaling lees soos volg; "the Lord make his face shine on you and be gracious to you; the Lord lift His face upon you and give you peace." Hierdie beeld gaan verlore in die Afrikaanse vertaling. Wat sê dit vir ons oor God se verhouding met ons? Wat is die gevoelens en emosies wat by jou na vore kom by die gedagte dat God Sy gesig na jou draai en dat sy gesig oor jou skyn? Dat God vir jou kyk en glimlag?

4.Wanneer was die laaste keer wat jy na iemand gekyk het en gedink het hierdie persoon straal vrede uit? Hoekom het jy so gedink? Hoe voel dit om in die teenwoordigheid van so iemand te wees? Jesus word genoem die Prins van vrede. Wat is die eienskappe uit Sy lewe en lering wat ons met vrede assosieer?

5.Die Priesterlike seën bou op tot sy hoogtepunt waarin God Sy vrede gee. Die woord wat ons as vrede vertaal is oorspronklik shalom. Die betekenis van hierdie vrede is heelheid, eenheid en harmonie. Om voor God se aangesig te leef is om die seën van die volheid van hierdie vrede te ontvang en daarin te glo en daaruit te leef. Waar in jou lewe ervaar jy tans baie vrede of dalk nie vrede nie? Op watter wyse bring die bewustheid van 'n lewe voor die aangesig van God vir jou vrede?

SAAMVAT

Wat beteken dit alles vir jou verhouding met God en met ander mense? Hoe verander 'n lewe van seën voor die aangesig van God ons uitsig op die lewe?

Week 5: Eendag van aangesig tot aangesig

1 Korintiërs 13: 1-13

(Daar sal Sondag 5 Junie oor hierdie teks gepreek word.)

ONTMOET

Hoe was jou week? Wat was die hoogtepunte en wat was die laagtepunte? Waar het jy die afgelope week vir God raakgesien?

Wat het vir jou uitgestaan in die afgelope Sondag se preek oor bogenoemde teksgedeelte? Wat het jou uitgedaag of ontwrig?

GEBED

Wees 'n oomblik stil. Probeer jou gedagtes rustig kry. Bid dat die Here hierdie oordenking in jou lewe sal gebruik. Indien julle die studie as 'n groep doen, vra iemand in die groep om namens julle te bid.

SKRIFLESING

Lees 1 Korintiërs 13 rustig deur.

AGTERGROND

(Lees hierdie agtergrond. In 'n groep kan elkeen dit in stilte lees of iemand kan dit hardop lees)

Die gemeente in Korinte was 'n diverse gemeente. Hulle lewens, waardes en ervarings het verskil. Daar was Joodse en heidense Christene. Daar was ryk mense en arm mense, slawe en vry mense. Dan was daar natuurlik ook teologiese en liturgiese verskille. Hierdie lied oor die liefde was dus nie bedoel vir mense wat saamgestem het, van mekaar gehou het of reeds alles uitgesorteer het nie. Nee, dit was bedoel vir mense wat drasties van mekaar verskil. Die lied roep God se mense op om op 'n ander manier met mekaar om te gaan. Christene isoleer hulleself nie van ander van wie hulle verskil nie, hulle hou aan om lief te wees vir mekaar, soos wat God in Jesus vir ons lief is. Deur die krag en die werk van die Gees bly Christene een liggaam, ten spyte van verskille. Dis 'n liefde wat prakties uitgeleef word en wat ander hanteer as beelddraers van God. Dis 'n liefde waar mense mekaar in die oë kyk en mekaar nie veroordeel nie. Maar nou is ons liefde nog onvolmaak en vol vooroordele, want ons ken onsself, mekaar en God maar ten dele. Maar eendag sal ons "van aangesig tot aangesig" ken, sal ons volkome liefhê soos ons nou reeds deur God liefgehê word. Maar intussen moet ons ons tekortkominge bely, moet ons nederig wees en moet ons eerder deur liefde gelei word as deur die opinies en die sekerhede waaroor ons so sterk voel.

DINK

Wat maak die teksgedeelte en die gepaardgaande agtergrond by jou wakker? Wat staan vir jou uit?

DELF

1.Hoe help hierdie aanhaling ons om 1 Korintiërs 13 beter te verstaan: “We don’t feel love, we choose love.”

2.Hoekom kan die liefde, soos wat dit hier deur Paulus beskryf word, as teen-kultureel (“countercultural”) beskryf word? Hoe is dit steeds uitdagend in ons samelewing?

3.Die beelde van die kind en die dowwe spieël herinner ons aan ons onvolmaakte liefde. Hoe beleef jy dit in jou interaksie met ander mense?

4.God ken ons ten volle. God se liefde vir ons is onvoorwaardelik en volkome. Hoe help hierdie wete jou? Verskaf dit vreugde of maak dit jou dalk bang? Dring dit jou om ander ook so lief te hê?

5.Watter verskil maak dit vandag om te weet dat die Gees met ons op pad is na “eendag van aangesig tot aangesig,” wanneer ons sal ken soos ons nou deur God geken word?

SAAMVAT

Wat het vir jou uitgestaan van vandag se gesprek? Het jy tot enige ander insigte gekom? Wat gaan jy anders doen?

NOTAS

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

NOTAS

NOTAS

RAAKGESIEN